

SA realiteit lewensnaby in nuwe bundel

Deur Ian Liebenberg

DIE MAMMAS, DIE PAPPAS, DIE HONDJIES, DIE KATJIES, Jeanette Ferreira, Taurus, 1990. R16,95

DIE LEES en herlees van *Die Mammamas, die Pappas, die Hondjies, die Katjies*, het my laat dink aan wat 'n resensent oor Bergman se film, *The Virgin Spring*, gesê het: By die ervaring daarvan staan 'n mens verstom oor die egtheid en die akkurate atmosfeer-skepping wat daarmee saamhang. 'n Mens kan nie anders as om te weet dat die konteks Suid-Afrikaanse realiteite in al die pyn, egtheid, hoop, wanhoop en absurditeite weerspieël nie. Dit word lewensnaby gebring in haar bundel.

Ferreira speelbeeld in die bundel (terloops, haar eerste kortverhaal-bundel), 'n land en sy mense in stryd; 'n stryd wat verder, dieper en seerder gaan as starre akademiese eufemismes soos "lae profiel burgeroorlog", "militarisasie", "Burgerlike Samewerkingsburo" en "gewapende stryd". Daarom herinner dit 'n mens skril en kragtig daaraan dat die wye en droewe land en sy mense (maar ook die skryfster by implikasie) gemaak is deur stryd ("struggle"). Die struggle waarvan baie wit Suid-Afrikaners eers onlangs bewus geword het - na 2 Februarie en die SAUK se ei-soortige "glasnost". 'n Bewuswording wat aangehelp is deur buitelandse druk en interne mobilisasie wat die snoese eiland van wit voorspoed, selfsug en alleenheerskappy laat wankel het.

DIE pyn van die stryd vir individue en kollektiwiteit word deur Ferreira naby gebring en deurgrond. Maar nie net pyn word weergegee nie. Die simbole van die vrou as draer van voortplanting en hoop figureer sterk.

Dat die (kort) kortverhale ontboeseming en aktiewe verzet weerspieël, word vroeg duidelik (vergelyk die opdragbladsy se aanhaling "oorlog is intiemer as liefde").

Om verhale uit te sonder sou moeilik wees. Vanaf histories ingeligte (en gelade) verhale soos "Erkenning" wat skrei van ironie en "Handewerk vir die nageslag" word 'n mens verbysterend meegesleur. Die kontekstuele werklikheid van aktivisme en ontnugtering (met gepaardgaande wisseling van emosies - van vrees tot haat) val op. Die skok-vervreemding van iemand wat grootgeword het in die skynheilige wêreld van apartheidsrasionalisasies, ras-diskriminasie en minderheidsdominansies word lewend gemaak. En tog bedryf Ferreira nie propaganda nie, 'n rare kenmerk in dié dae van onse Heer.

In "Qabane" ontmoet 'n mens ook die vervreemdingselement, die eerste tree op die pad van verzet. Ook die morbiede en makabere uitvloeiels van die boer-is-baas-wêreld, soos die grensoorlog, townshipgeweld en verraad word aangeraak.

Die skok-ervaring van "oningelig" grootword in die waan-wêreld van (skyn/skryn?) Christenskap word deur Ferreira eerlik gekonfronteer ("Vrouedele").

In "Die Donker is so mooi" word nie net geweld en vervreemding aangeraak nie. Ook word hoop en lewe twee belangrike elemente, 'n nouer koppeling, soos byvoorbeeld die hond wat (nuwe) lewe gee te midde van die lyding en krisis. Ten spyte van die negatiewe gebeure dra die bundel deurgaans 'n toon van hoop. Die geïmpliseerde einde van die tyd (van geweld en apartheidsvervreemding) word vasgevang in die slotsin van die boek ("Die Candlelight Protests"): "So het dit toe die einde van daai tyd geword..."

Die boek is nie 'n boek om post-modernisties - of post-enigiets - te lees nie (dié ou stokperdjie is gelukkig ook al holrug gery). Moet dit tog ook nie sommer net met 'n

stukkie politieke deromantisering verwar nie. Vir Ferreira is alles politiek, maar politiek nie alles nie; daarom so baie invalshoeke en soveel momente, soveel menslikheid.

Dis 'n boek om gelees te word, miskien nie met die blywende gedagte dat dit "mooi" is nie maar wel met die aan-jou-opgedronge (soos die lewe maar is) realiteite wat diep spore kerf in die gewete ("Laat die wat nog gewetens het, dus hoor"). In die dae waarin die klippe en gewere dit uitroep, word 'n mens, god-dank, deur Ferreira openlik met die lewe gekonfronteer.

Ian Liebenberg is Direkteur van Navorsing by Idasa.

Marxistiese benadering bring geen nuwe insigte

Deur Eduard Fagan

LETTERKUNDE & KRISIS; 'N HONDERD JAAR AFRIKAANSE LETTERKUNDE EN AFRIKANER-NASIONALISME, Ampie Coetzee, Taurus, 1990. R9.

IN HIERDIE kort boek probeer Ampie Coetzee 'n "dialektiek te soek tussen die Afrikaanse letterkunde en die infrastruktuur van klasse- en rassekonflik". Dit is 'n poging om 'n teoretiese raamwerk te skep wat in kontras is met die bestaande beskouings van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis (spesifiek J.C. Kannemeyer se twee ensiklopediese boeke).

Volgens Coetzee is hulle in 'n groot mate gegrond op suiwer estetiese maatstawwe wat bepaal of 'n boek "kanoniek" word al dan nie. Hy wil spesifiek die konsep van 'n algemeen aanvaarde literêre kanon bevraagteken. Om hierdie dialektiek te vind, word die Afrikaanse letterkunde ingedeel volgens "Gramsci se konsep van krisis", en die hoofstukindings geskied na aanleiding van die krisisdadums 1922, 1948, 1961 en 1976.

Coetzee se "herindeling" lei egter tot geen nuwe insigte nie: die tydperke na 1922, 1948 en 1961 word oorheers deur onderskeidelik Van Wyk Louw en dié Dertigers, D.J. Opperman, en die Sestigters. 'n Mens moet vra waarom hierdie boek, wat volgens Coetzee "gevaarlike terrein" betree, so min oplewer; waarom dit inderdaad dien om die bestaande konsep van 'n kanon, en die bestaande samestelling daarvan, te bevestig eerder as om dit omver te werp.

Daar is geen werklike poging hier om die kompleksiteit van die verhouding tussen literatuur en geskiedenis te ondersoek nie. Dit spruit uit 'n besonder tradisionalistiese aanwending van Marxisme, waarin "die geskiedenis" skynbaar as 'n onveranderlike waarheid aanvaar word. 'n Mens vind dit tog vreemd dat 'n letterkundige vandag nog kan skryf: "Dit lyk asof die Afrikaanse

skrywer op hierdie oomblik nog onseker is oor 'die geskiedenis', en daar is beslis geen aanvoeling of besef van die materiële magte van die geskiedenis nie."

Die interaksie tussen "die geskiedenis" en letterkunde word nie as 'n interaksie van diskoerse bespreek nie: "die geskiedenis" verkry feitlik ironiese waarde.

Die vraag wat ontstaan is: indien 'n mens se siening van "die geskiedenis" so 'n rigiede een is, hoe kan jy die kanonieke hiërargie omverwerp? Al poging wat wel gemaak word om die hiërargie te bevraagteken, is 'n ietwat kru ondermyning van die "universele" en "geestelike" ten gunste van "die materialistiese basis". As voorbeeld: "Opperman het die Suid-Afrikaanse realiteit (die politiek en die natuur) geëksploteer om dit te transformeer, om die 'engel uit die klip' te bevry, die ewige vanuit die tydelike." Die formulering is besonder slordig: die ongelyksoortige paar "die politiek en die natuur" word sonder motivering gelykgestel aan die "Suid-Afrikaanse realiteit", soos ook "die klip" aan die "tydelike". Benewens dit is daar egter die idee van Opperman en ander skrywers as "eksploitatief" - omdat hulle skynbaar onbetrokke, eteriese, suiwer estetiese literatuur skep.

Daar vind egter 'n verwarring plaas tussen literêre temas en die manier waarop literatuur gelees word. Met ander woorde, Coetzee kies om Opperman se poësie op die tradisionele "kanonieke" manier te lees - behoort hy nie veel eerder 'n nuwe lesing van Opperman, 'n histories-materialistiese lesing, te voorsien nie, dalk ten einde hom te "red" van sy suiwer estetika?

Coetzee erken wel dat sy monografie slegs inleidend is. 'n Mens sou egter graag wou sien dat selfs 'n inleidende werk op veel meer dinamiese en ingrypende wyse die kanon bevraagteken.

Eduard Fagan is 'n voormalige dosent in Afrikaans by die Universiteit van Kaapstad en praktiseer tans in die regte.